


# St. Frumentius, Apostel van Etiopië

## 20 Julie

(sterf 380)

As kind onderneem hy ’n skeepsreis op die Rooi See saam met sy broer en sy oom, ’n Christelike filosoof. Die skip strand langs die kus van Etiopië en almal behalwe die twee jong seuns is deur die plaaslike bevolking vermoor. As slawe word hulle na die koninklike hof in Aksum geneem. Hulle is so hardwerkend en bekwaam dat hulle uiteindelik vrygestel word en hoë posisies in die hofhouding bekom. Frumentius kry toestemming om die Christelike geloof te verkondig en reis later na Egipte waar hy deur die patriarg tot biskop gewy word. Hy vestig die Kerk in Etiopië en word met die titel Aba Salama (vader van vrede) vereer. Danksy hierdie heilige het daar ’n Christelike beskawing in Afrika ontstaan wat ononderbroke sou voortduur tot en met vandag.

© Die Oratorium Uitgewery